| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | TOERISME |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 200 |
| **TYD (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 27 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **VYF** afdelings.

2. Beantwoord **AL** die vrae.

3. Begin **ELKE VRAAG** op ’n **NUWE** bladsy.

4. Nommer jou antwoorde volgens die nommeringstelsel van hierdie vraestel.

5. Jy mag ’n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Skryf netjies en leesbaar met ’n **BLOU** pen.

7. **VRAAG 3** moet tot die **TWEEDE** desimaal afgerond word.

8. Die volgende tabel ìs ’n riglyn om jou te help om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke afdeling moet spandeer.

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| AFDELING A | Kortvrae | 40 punte | 20 minute |
| AFDELING B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandse Valutaverhandeling | 50 punte | 50 minute |
| AFDELING C | Toerismebesienswaardighede; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 punte | 50 minute |
| AFDELING D | Toerismesektore; Volhoubare- en Verantwoordelike Toerisme | 30 punte | 30 minute |
| AFDELING E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 punte | 30 minute |
| | **TOTAAL:** | **[200]** | **180 minute** |

# AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. **1.1.21 D.**

1.1.1 ’n Geskikte betalingsmetode vir ’n internasionale reisiger wat baie lande besoek en verskillende geldeenhede benodig:

A. Reisigerstjek
B. Bankonttrekking
C. Voorafgelaaide buitelandse valuta debietkaart
D. Telegrafiese oorplasing (SWIFT)

1.1.2 Die 2023 Rugby Wêreldbeker was deur hierdie land aangebied:

A. Japan
B. Engeland
C. Australië
D. Frankryk

1.1.3 ’n Goeie omgewingspraktyk sluit die volgende aksie in:

A. Sluit vennootskappe met plaaslike besighede
B. Verwyder uitheemse flora
C. Verdeling van eienaarskap van die instelling
D. Betoog teen die FTT organisasie

1.1.4 ’n Aspek wat bydrae tot die professionele beeld van ’n instelling se werknemers:

A. Uniforms en persoonlike higiëne
B. Logo en slagspreuk van die instelling
C. Algemene voorkoms van die gebou
D. Toekennings wat gewen is deur die instelling

1.1.5 Die bankaankoopkoers in gewoonlik … as die bankverkoopkoers:

A. hoër
B. dieselfde
C. laer
D. al die bogenoemde

1.1.6 ’n Plaaslike handelskou wat fokus op buitelug en avontuur aktiwiteite:

A. Toerisme Indaba
B. Wêreldreismark (WTM)
C. Getaway skou
D. COP 27

1.1.7 Die 2023 vloede in die Weskaap is `n …

A. politieke situasie.
B. ongeluk.
C. ekonomiese skommeling.
D. natuurramp.

1.1.8 ’n Reisiger wat vanaf Johannesburg na New York, VSA vlieg sal aan hierdie toestand lei:

A. vlugangs
B. vluguitputting
C. vlugvoosheid
D. vlug depressiwiteit

1.1.9 Die Niagara watervalle word gedeel deur hierdie twee lande:

A. Argentinië en Brasilië
B. VSA en Meksiko
C. Kanada en Groenland
D. VSA en Kanada

1.1.10 Identifiseer Wallis se geldeenheid:

A. Walliese Dollar
B. Pond Sterling
C. Euro
D. Walliese Rand

1.1.11 UNESCO is ’n onderafdeling van die … en verklaar Wêrelderfenisterreine.

A. Wêreldwye Natuurfonds (WWF)
B. Verenigde Nasies (VN)
C. Wêreldbank
D. Departement van Toerisme

1.1.12 ’n Gesondheidsertifikaat dien as bewys dat ’n toeris na Afrika hierdie verpligte inenting ontvang het:

A. Malaria
B. Geelkoors
C. Hondsdolheid
D. COVID-19

1.1.13 Identifiseer die item wat ’n reisiger sal dwing om deur die rooikanaal by doeane te moet gaan:

A. 50ml parfuum
B. 200 sigarette
C. 3 x 750ml wyn
D. 50 sigare

1.1.14 Identifiseer ’n kliënte-terugvoermetode wat baie besonderhede verskaf aan ’n instelling en hulle help om presies te weet wat verbeter moet word:

A. Vraelys
B. Terugvoerkaart
C. Besoekersboek
D. Opnamekaart

1.1.15 Bestudeer die onderstaande prent en identifiseer die pilaar van Volhoubaarheid wat uitgebeeld word:




A. Ekonomiese pilaar

B. Maatskaplike pilaar

C. Sosiale pilaar

D. Omgewingspilaar

1.1.16 Volgens die Wet is 'n werknemer geregtig op een uur etenstyd na … se werk.

A. 3 ure

B. 5 ure

C. 2 ure

D. 6 ure

1.1.17 Identifiseer die organisasie wat statistieke publiseer, wat deur die toerisme industrie gebruik kan word om die behoeftes van internasionale en plaaslike toeriste te bepaal:

A. PRASA

B. UNESCO

C. STATS SA

D. SAEHA

1.1.18 Identifiseer in watter halfrondes Suid-Afrika geleë is:

A. Noordelike- en Oostelike halfronde

B. Suidelike- en Oostelike halfronde

C. Noordelike- en Westelike halfronde

D. Suidelike- en Westelike halfrond

© SACAI KOPIEREG

1.1.19 Bestudeer die prent en identifiseer die siekte waarteen toeriste gewaarsku word:



A. COVID-19

B. Malaria

C. Tetanus

D. Cholera

1.1.20 Identifiseer die kenmerk van `n suksesvolle attraksie of ikoon:

A. Negatiewe mondelingse bemarking

B. Werklike aantal besoekers oorskry teikengetalle

C. Teikensyfers oorskry inkomste gegenereer

D. Negatiewe impak op die plaaslike gemeenskap

(20 x 1) = **[20]**

© SACAI KOPIEREG

1.2 Kies die beskrywing in KOLOM B wat pas by die foto in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A - F) langs die vraagnommers (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv **1.2.6 G**

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 |  | A | Hierdie foto simboliseer die oorwinning van menslike gees, demokrasie en vryheid van onderdrukking. |
| 1.2.2 |  | B | Die antieke koninkryk toon bewyse van belangrike uitruiling van menslike waardes tussen 900 en 1300 nC. |
| 1.2.3 |  | C | ’n Ryk uiteenlopende landskap waar die Nama mense nog rondtrek soos herders. |
| 1.2.4 |  | D | 20% van Afrika se flora in een terrein waaronder fynbos, ’n bedreigde spesie, val. |
| 1.2.5 |  | E | Bewyse van die antieke San wat vir meer as 4 millennia hier gewoon het. |
| | | F | Werp lig op die ontstaan en evolusie van die mensdom. |

(5 x 1) = **[5]**

© SACAI KOPIEREG

1.3 Kies die korrekte woord. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv **1.3.6 bankaankoopkoers**

| |
|---|
| Sonpanele; 15 dae Deursigtigheid; Kernpligte; Vennootskappe; Gedragskode; Voedingskema; 21 dae; Professionaliteit; Lojaliteit; |

1.3.1 ’n Stel geskrewe reëls wat handel oor hoe toeriste by ’n bestemming moet optree.

1.3.2 Een van die beginsels van die Fair Trade Tourism – organisasie.

1.3.3 ’n Voorbeeld van effektiewe hulpbronbestuur deur toerisme instellings.

1.3.4 Een van die hoof aspekte in ’n dienskontrak.

1.3.5 Die aantal dae algemene verlof wat werknemers per jaar mag neem, volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

(5 x 1) = **[5]**

1.4 Kies die korrekte woord(e) uit diè wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.4.1 – 1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv **1.4.6 Visum**

1.4.1 Die COP-beraad handel oor (klimaatsverandering / wêreld hongersnood).

1.4.2 Die oorlog tussen Rusland en Oekraïne word geklassifiseer as ’n (onvoorsiene gebeurtenis / politieke situasie).

1.4.3 Die (Verenigde Nasies / Wêreld Gesondheids Organisasie) is verantwoordelik om die verspreiding van siektes wêreldwyd te voorkom.

1.4.4 ’n (Internasasionale bestuurspermit / internasionale lisensie) gee ’n toeris die reg om ’n motor in ’n besoekende land te bestuur.

1.4.5 Indien ’n reisiger ’n wapen deur doeane wil neem moet daar na die (groen / rooi) kanaal gegaan word.

(5 x 1) = **[5]**

© SACAI KOPIEREG

1.5 Bestudeer die onderstaand prente van wêreldikone in Europa. Skryf slegs die VOLLE NAAM van die ikoon regoor die vraagnommer (1.5.1 – 1.5.5) bv. **1.5.6 Alcazar van Segovia**

| | |
|---|---|
| 1.5.1  Italië | 1.5.2  Italië |
| 1.5.3   Duitsland | 1.5.4  Italië |
| 1.5.5  Italië | |


(5 x 1) = **[5]**

## TOTAAL AFDELING A: [40]

# AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA VERHANDELING

## VRAAG 2

Bestudeer die tydsone kaart, lees die inligting en beantwoord dan die vrae.



## OLIMPIESE EN PARALIMPIESE SPELE – PARYS 2024

PARiS 2024

Parys sal in 2024 die gasheerland wees vir die grootste gebeurtenis in sy geskiedenis. ’n 100 jaar nadat die vorige Olimpiese en Paralimpiese Spele laas hier gehou is, beloof Parys om besoekers te bekoor in die wêreld se mooiste stad, tydens die Spele wat beloof om werklik onvergeetlik te wees.

*[Bron aangepas en vertaal uit: https://www.paris2024.org/en/]*

2.1 Wayde van Niekerk neem deel aan die Olimpiese Spele. Sy vlug vertrek op 20 Julie 2024 om 20:00 vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe na Charles De Gaulle Internasionale Lughawe in Parys. Die vlugtyd is 13 ure.
Bereken die tyd en datum wat hy sal arriveer.
**Frankryk gebruik dagligbesparingstyd vanaf 31 Maart tot 27 Oktober 2024.** (4)

2.2 Die Olimpiese Spele se openingseremonie vind plaas op 26 Julie 2024 om 19:00 plaaslike tyd.
Bereken hoe laat toeskouers in New York, VSA die gebeurtenis op TV sal kan sien.
**Frankryk en VSA gebruik dagligbesparingstyd tydens hierdie tyd.** (3)

2.3 Oordeel of ’n persoon wat vanaf New York na Parys sou vlieg aan vlugvoosheid OF vluguitputting sou lei?
Motiveer jou antwoord. (2)

2.4 Tydens die Spele gaan die atlete gebruik maak van publieke vervoer, wat deur die organiseerders verskaf word. Noem TWEE reisdokumente wat ’n atleet soos Wayde van Niekerk sal moet toon by doeane. (2)

2.5 Adviseer Wayde oor hoe hy veilig kan wees op die internasionale lughawe. Noem DRIE veiligheidsmaatreëls. (6)

2.6 Wayde gebruik veilige, goedgekeurde medikasie na sy besering, wat hy moet saamneem na die Spele.

Verduidelik aan hom:

a) Die kanaal wat hy by doeane moet volg.
b) ‘n Dokument wat hy benodig om die medikasie wettig saam te neem. (2)

2.7 Wayde koop ook ’n paar belastingvrye items op die lughawe om saam te neem. Noem DRIE tipes belastingvrye items wat hy te koop sal kry. (3)

2.8 Die Paralimpiese Spele vind plaas vanaf 28 Augustus 2024. Bespreek DRIE maniere hoe stadions universeel toeganklik moet wees tydens hierdie gebeurtenis. (6)

2.9 Na afloop van die Olimpiese Spele vertrek Wayde na Sydney, Australië waar hy gaan vakansie hou, voor hy weer terugkeer na Suid Afrika. Sy vlug vertrek 30 Augustus om 13:30 vanaf Parys na Sydney,
Vlugtyd vanaf Parys na Sydney is 17 ure.
Bereken die tyd en datum wat hy in Sydney sal arriveer.
**Sydney gebruik nie dagligbesparingstyd op 30 Augustus nie.** (5)

2.10 Verduidelik hoekom dit nodig is vir ’n toeris om kennis te neem van dagligbesparingstyd wanneer internasionaal gereis word. (2)

**[35]**

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae.

- Toon al jou berekeninge.
- Rond antwoorde af tot twee desimale plekke.

| BUITELANDSE WISSELKOERSE | | | |
|---|---|---|---|
| Rand per buitelandse geldeenheid | | | |
| **Geldeenheid** | **Kode** | **Bankverkoopkoers** | **Bankaankoopkoers** |
| Amerikaanse Dollar | USD | 19.03 | 18.97 |
| Euro | EUR | 20.14 | 20.09 |
| Japanese Jen | JPY | 0.13 | 0.10 |
| Britse Pond Sterling | GBP | 23.05 | 22.98 |

3.1.1 Identifiseer die sterkste geldeenheid in die tabel hierbo. Motiveer jou antwoord. (2)

3.1.2 ’n Amerikaner besoek Suid-Afrika en het $2 000 om vir sakgeld te gebruik. Bereken hoeveel Rand hy in Suid-Afrika sal hê om as sakgeld te gebruik. (3)

3.1.3 Andrew reis vir 8 dae na Parys om die Olimpiese Spele by te woon. Andrew se reisagent adviseer hom om R3 000 per dag vir sakgeld te begroot. Bereken die bedrag in Frankryk se geldeenheid wat hy tot sy beskikking sal hê om te spandeer tydens die 8 dae. (4)

3.1.4 Wisselkoerse is nie altyd konstant nie. Noem TWEE faktore wat `n invloed het op die wisselkoerse van geldeenhede. (2)

3.1.5 Binnelandse toerisme bly die kern van die toerisme industrie van ’n land. Skryf ’n paragraaf waarin jy die impak van ’n sterk Rand verduidelik op die toerisme industrie van Suid-Afrika. Dui die volgende aan in jou paragraaf:

- EEN rede hoekom binnelandse toerisme moontlik sal styg. (2)
- EEN rede hoekom binnelandse toerisme moontlik sal daal. (2)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: [50]**

## AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

4.1 Lees die onderstaande beskrywings van Wêreldikone. Trek die onderstaande tabel oor in jou ANTWOORDBOEK en vul dit in deur die VOLLE NAAM en LAND van elke ikoon te verskaf.

| | **VOLLE NAAM VAN IKOON** | **LAND** |
|---|---|---|
| 4.1.1 | | |
| 4.1.2 | | |
| 4.1.3 | | |
| 4.1.4 | | |
| 4.1.5 | | |

4.1.1 Die enigste van die antieke sewe wonders wat nog bestaan. Hierdie ikoon is as grafte gebou vir belangrike Farao's in die antieke Egiptiese tyd. (2)

4.1.2 Hierdie 6 700 km versperring, met verskeie wagtorings is oor 'n baie lang tyd gebou en word jaarliks deur baie besoekers besoek. (2)

4.1.3 'n Besonderse kunswerk op die Corcovado Berg wat uitkyk op Rio de Janeiro – hawe. Simboliseer vrede. (2)

4.1.4 'n Bergreeks met woude bedek. Die koekoekhorlosie is 'n simbool van hierdie area. (2)

4.1.5 'n Unieke, modern ontwerpte sentrum vir die uitvoerende kunste, waarvan die dak lyk soos 'n skip se seile by die hawe se ingang. (2)

**[10]**

© SACAI KOPIEREG

4.2 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae:

## Ayers Rock



**Ayers Rock** word al vir baie lank deur ’n verskeidenheid van die land se inheemse mense vereer, wat dit Uluru noem. Ernest Giles, ’n ontdekkingsreisiger het die rots die eerste in 1872 gesien. Daarna is dit besoek deur William Gosse wat dit vernoem het na Sir Henry Ayers, ’n vorige Suid Australiese premier. Dit is die grootste monoliet ter wêreld.

Uluru/Ayers Rock styg 348 meter bo die omliggende woestynvlaktes uit en bereik 863 meter bo seevlak. Die monoliet is ovaalvormig en 3.6km lank en 2.4km wyd. Sandsteen veroorsaak dat die rots kleur verander soos die posisie van die son verander. Dit is op sy mooiste teen sononder, wanneer dit ’n vurige oranje-rooi kleur is as gevolg van die sonstrale. Vlak grotte, wat as heilig gesien word deur die Aboriginiese inheemse mense, is gevorm aan die onderkant van die rots en bevat baie kerfwerk en rotskuns.

Gereelde toere word verskaf na Ayers Rock en busse word toegerus met rolstoel-fasiliteite.

*[Bron aangepas en vertaal uit: https://www.britannica.com/place/Uluru-Ayers-Rock]*

4.2.1 Noem die land waarin Ayers Rock geleë is. (1)

4.2.2 Verskaf DRIE tipes toeriste wat die ikoon sou wou besoek. (3)

4.2.3 Verduidelik hoekom daar reëls moet wees vir toeriste wat hierdie ikoon besoek. (2)


4.2.4 Bespreek die voordele van Ayres Rock vir die toerisme industrie van hierdie land. (2)

4.2.5 Is hierdie ikoon universeel toeganklik vir toeriste? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

## VRAAG 5

5.1 Bestudeer die kaart van Suid-Afrika en beantwoord die vrae:




Teken die onderstaande tabel oor in jou ANTWOORDBOEK. Vul dit in deur die VOLLE NAAM, TIPE TERREIN en die PROVINSIE van elke Wêrelderfenisterrein te noem.

| | VOLLE NAAM | TIPE TERREIN | PROVINSIE |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | | | |
| 5.1.2 | | | |
| 5.1.3 | | | |

(3 x 3) = (9)

© SACAI KOPIEREG

5.2 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

## Maloti-Drakensbergpark



Die Maloti-Drakensberg Park is ’n bewaringsgebied wat bestaan uit die uKhahlamba Drakensberg Nasionale Park in Suid-Afrika en die Sehlathebe Nasionale Park in Lesotho. Die area spog met ongelooflike natuurskoon met hoë kranse en dramatiese goue sandsteenwalle, asook interessante grotte, pilare en rotspoele.

Die area se verskillende landskappe beskerm ’n groot aantal inheemse en skaars plante. Die area is ook die habitat van ’n groot aantal bedreigde spesies soos die Kaapse Aasvoël en die Gebaarde Aasvoël. Die Sehlabathebe park in Lesotho het ook die Maloti minnow, ’n krities bedreigde visspesie, wat slegs in die park gevind kan word. Hierdie terrein bevat ook baie grotte en rotsskuilings met die grootste aantal rotskuns in Afrika, suid van die Sahara. Die rotskuns verteenwoordig die geestelike lewe van die San-mense, wat in die area gewoon het vir meer as 4000 jaar.

*[Bron vertaal en aangepas uit: www.whc.unesco.org/en/list/985/]*

5.2.1 Identifiseer die buurland van Suid-Afrika wat ook ’n deel van hierdie Wêrelderfenisterrein besit. (1)

5.2.2 Identifiseer die provinsie in Suid-Afrika, waarin die Maloti-Drakensbergpark geleë is. (1)

5.2.3 Noem nog EEN ander Wêrelderfenisterrein (behalwe Maloti-Drakensbergpark) wat in die provinsie genoem in Vraag 5.2.2 geleë is. Skryf die VOLLE NAAM van hierdie Wêrelderfenisterrein. (1)

5.2.4 Maloti-Drakensbergpark is Suid-Afrika se enigste gemengde Wêrelderfenisterrein.
Verduidelik hoe hierdie park aan die natuurlike EN kulturele kriteria voldoen deur te verwys na voorbeelde uit die leesstuk. (2 x 2) = (4)

5.2.5 Skryf ’n paragraaf waarin jy die volgende bespreek:

- Die belangrikheid van die San rotskuns wat in die Maloti-Drakensbergpark gevind word. (2)
- Die rede waarom hierdie terrein bewaar moet word. (2)

**[11]**

## VRAAG 6

6.1 Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

TOMSA
Tourism Levy South Africa

Die toerisme heffing, ook bekend as TOMSA-heffing, is ’n 1% heffing wat deur toeriste betaal word vir die gebruik van spesifieke toerisme dienste in Suid-Afrika. Hierdie fondse word hoofsaaklik gebruik deur Suid Afrikaanse Toerisme om Suid-Afrika as ’n voorkeur bestemming te bemark.

Die toerisme heffing skep, bou en handhaaf bewustheid van Suid-Afrika as ’n top toerisme bestemming, deur middel van bemarkingsveldtogte gerig op goed genavorsde teikenmarkte. Die heffing hou Suid-Afrika op die globale reis- en toerisme speelveld.

*[Bron aangepas en vertaal uit: www.tomsa.co.za]*

6.1.1 Identifiseer die organisasie wat verantwoordelik is om Suid-Afrika wêreldwyd te bemark. (1)

6.1.2 Verduidelik die term ‘teikenmark’ wat ook in die leesstuk genoem word. (2)

6.1.3 Verduidelik die proses hoe die TOMSA-heffing ingesamel word deur DRIE stappe te noem. (3)

6.1.4 Noem TWEE internasionale handelsskoue wat ook jaarliks deur Suid-Afrika bygewoon word, en waar Suid-Afrika as bestemming bemark word. (2)

6.1.5 Verskaf TWEE unieke redes hoekom ’n internasionale reisiger Suid-Afrika bo enige ander bestemming in die wêreld sal verkies. (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [50]**

## AFDELING D: VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME, TOERISME SEKTORE.

### VRAAG 7

7.1 Deel van 'n professionele voorkoms is om 'n uniform in die toerisme industrie te dra. Bestudeer die onderstaande prente en skryf die tipe werk/beroep, uitgebeeld deur die uniform, langs die vraagnommer (7.1.1 – 7.1.3) in jou ANTWOORDBOEK.

| 7.1.1 | 7.1.2 | 7.1.3 |
|---|---|---|
|  |  |  |
| Gasvryheidsektor | Vervoersektor | Bewaringsektor |

(3)

7.2 Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae.





7.2.1 Dui aan of die skryfbehoeftes in die prent hierbo `n professionele voorkoms van 'n instelling uitbeeld of nie? Motiveer jou antwoord deur TWEE redes te verskaf. (3)

7.2.2 Noem nog DRIE ander faktore (behalwe skryfbehoeftes) wat kan bydra tot die professionele beeld van 'n instelling. (3)

**[9]**

7.3 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae.




7.3.1 Toon aan of die hotel in die spotprent genoem, hou by die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.
Motiveer jou antwoord deur TWEE redes te verskaf. (3)

7.3.2 Bevestig hoeveel ure per week 'n werknemer mag werk, volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. (2)

7.3.3 Dink jy die man in die spotprent gee vir die dame goeie raad?
Motiveer jou antwoord. (1)

**[6]**


**VRAAG 8**

8.1 Bestudeer die onderstaande diagram en antwoord die vrae.

## SINGITA LEBOMBO LODGE

Singita Lebombo is een van die top eko-lodges in Suid-Afrika. Geleë in ’n privaat reservaat binne die Kruger Nasionale Park, naby die Lebombo berge. Die ontwerp van hierdie luukse safari lodge is geïnspireer deur die groot aantal arendsnesse teen die kranse van die rivierbank. Singita is toegewyd aan omgewings-vriendelike gasvryheid, volhoubaarheid en die ondersteuning van die plaaslike gemeenskap.

Singita Lebombo Lodge: Goeie volhoubare praktyke




*[Bron aangepas en vertaal uit: www.go2africa.com/african-travel-blog/sustainable-travel-our-best-eco-friendly-lodges-in-southern-africa]*

8.1.1 Verduidelik die gebruik van ‘Teenstropingseenhede’. (2)

8.1.2 Skryf ’n paragraaf waarin jy Singita Lebombo se toegewydheid aan Volhoubaarheid beskryf. Jou paragraaf moet die volgende insluit:

- DRIE voorbeelde van die Omgewingspilaar (3)
- EEN voorbeeld van die Ekonomiese pilaar (1)
- EEN voorbeeld van die Maatskaplike pilaar (1)

8.1.3 Identifiseer EEN Korporatiewe Maatskaplike Belegging (KMB) beginsel wat deur Singita Lebombo toegepas word. (2)

8.1.4 Stel 'n gedragskode van DRIE reëls op wat vir toeriste gegee kan word wat Singita Lebombo besoek. (3)

8.1.5 Ontwerp 'n slagspreuk vir Singita Lebombo Lodge. Jou slagspreuk moet pas by Singita Lebombo se toegewydheid aan Volhoubaarheid. (jou slagspreuk kan in Engels of Afrikaans wees) (2)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: [30]**

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.




Indië is weereens, na meer as ’n dekade, die gasheerland van die Krieket Wêreldbeker.
Vir die eerste keer in krieket se geskiedenis, bied Indië al 48 wedstryde in 10 verskillende stede aan – anders as in 2011 toe hulle dit saam met Bangladesh en Sri Lanka aangebied het.
Krieket is die sport in die wêreld wat die tweede meeste gekyk word, na sokker.
Die Kampioenskap, wat plaasvind vanaf 5 Oktober – 19 November 2023, sal verbruikersbesteding in verskeie sektore ’n hupstoot gee en sal moontlik ekonomiese groei laat styg.
“Dit is moeilik om vooraf te sê presies hoeveel die impak van die Kampioenskap gaan wees, maar die toernooi sal die vermenigvuldigingingseffek in werking stel en verseker ’n impak hê op die land se ekonomie,” het Shantanu Bhargava, besturende direkteur van Waterfield Advisors gesê.
Gasvryheid, die kos en drank en die media en bemarkingsektore sal waarskynlik die meeste voordeel trek.

*[Bron aangepas en vertaal uit: https://www.hindustantimes.com/cricket/india]*

9.1.1 Kwalifiseer die Krieket Wêreldbeker as ’n wêreldgebeurtenis? Motiveer jou antwoord deur ’n sin uit die artikel aan te haal. (2)

9.1.2 Beskryf TWEE voordele wat Indië se Toerismesektor sal beleef met die aanbied van hierdie gebeurtenis. (2)

9.1.3 Verduidelik hoe die vermenigvuldigingseffek in werking gestel word tydens hierdie gebeurtenis. (2)

9.1.4 Tabuleer EEN voordeel en EEN nadeel vir die plaaslike inwoners tydens hierdie gebeurtenis. (2)

9.1.5 Dink jy Indië is die regte land om hierdie gebeurtenis aan te bied? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

© SACAI KOPIEREG

9.2 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae.




9.2.1 Identifiseer DRIE natuurrampe wat in die prent sigbaar is. (3)

9.2.2 Noem DRIE negatiewe gevolge van ’n natuurramp op die plaaslike gemeenskap. (3)


9.2.3 Verduidelik die rede HOEKOM toerisme sal daal in ’n land wat deur `n natuurramp getref is. Onderskei tussen:

a) Binnelandse Toerisme (2)

b) Internasionale Toerisme (2)

**[10]**

9.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae.




9.3.1 Identifiseer die jaar waarin Suid-Afrika die meeste internasionale toeriste ontvang het. (1)

9.3.2 Noem TWEE lande wat deel is van Suid-Afrika se lugmark. (2)

9.3.3 Verduidelik die afname in getalle tydens 2020 en 2021. (1)

9.3.4 Bereken die persentasie van die Suid-Afrikaanse lugmark in 2023. **Rond jou antwoord af tot een desimaal.** (2)

**[6]**

**VRAAG 10**

10.1 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae.



10.1.1 Identifiseer die kliënte terugvoermetode in die prent. (1)

10.1.2 Tabuleer EEN voordeel en EEN nadeel van hierdie terugvoermetode. (2)

10.1.3 Noem nog EEN ander terugvoermetode wat gebruik kan word deur 'n instelling. (1)

**[4]**

**TOTAAL AFDELING E: [30]**

**GROOTTOTAAL: [200]**